DEEL 116 | WEEK 48 | 29 NOVEMBER 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Pitstop bring hoop en vreugde met Intog na Bethlehem




Met die einde van 2024 wat vinnig naderkom, is daar 'n gevoel van uitputting en uitdagings wat soos 'n skadu oor die gemeenskap hang. Maar die Petzer-familie en hul Pitstop vir Jesus-inisiatief het op Saterdag, 23 November 2024, 'n lig in Heilbron laat skyn. Met die jaarlikse Intog na Bethlehem, wat by Hoërskool Heilbron plaasgevind het, het jonk en oud bymekaar gekom om hoop en vreugde te deel.

Pitstop vir Jesus is 'n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy wat al byna drie jaar 'n daadwerklike verskil in die dorp maak. Met maandelikse byeenkomste bied hulle ondersteuning, inspirasie en liefde aan die gemeenskap. Hierdie jaarlikse afsluiting was 'n sprekende voorbeeld van hoe geloof en samewerking 'n gemeenskap kan verenig.

Die dag het afgeskop met 'n 4,2 km pretstap, wat na Huis Bron van Heil, die dorp se aftreeoord, gelei het. Deelnemers het simbolies 'n ster of kruis gedra, as herinnering aan die Ster van Bethlehem. Die straatoptog was vol energie, met inwoners wat op 'n trekkerwa en 'n trok gery het, terwyl ander die strate ingevaar het om klein geskenkies en hartroerende briefies uit te deel. Hierdie briefies, met mooi geskrewe boodskappe, het moontlik presies by die regte mense op die regte tyd beland.

Die gees van gee en deel het voortgegaan met geskenkpakkies wat aan die inwoners van Huis Bron van Heil oorhandig sal word. Drie gelukkige wenners wat aan die pretstap deel geneem het, het kontantpryse ontvang, wat 'n helder glimlag op hul gesigte gesit het te midde van moeilike tye.

By Hoërskool Heilbron was daar ook 'n lewendige mark vanaf 08:00 tot 13:00, met alles van jaffels en sosaties tot heuningprodukte en handgemaakte items soos kerse en juwele. Verkeie gemeenskapslede het die uitstallers kom ondersteun, terwyl kinders met blink oë rondgehardloop het en ouers saam kuier.

Die dag het met 'n spesiale bediening voortgegaan. Om 14:00 het Marié Bosman as gasspreker opgetree, gevolg deur die gebruiklike gratis worsbroodjie wat altyd deel van die Pitstop-ervarings is. Die hoogtepunt van die aand was die sielvolle optrede van Dewald Gouws, wat om 18:00 begin het en die gehoor met sy musiek geïnspireer het.

Tanya Botha, een van die dryfkragte agter die dag, het haar dankbaarheid uitgespreek teenoor elke borg en skenker. "Daar was nie een besigheid by wie ons aangeklop het wat nee gesê het nie," sê sy. "Die gemeenskap het hul harte oopgemaak en werklik gewys waaroor hierdie dag gaan."

Die Intog na Bethlehem was meer as net 'n byeenkoms; dit was 'n bewys van hoe liefde, hoop en geloof 'n gemeenskap kan inspireer om die ware gees van Kersfees uit te leef. Terwyl die jaar ten einde spoed, herinner die Petzer-gesin en Pitstop vir Jesus ons almal daaraan dat daar altyd ruimte is om lig en liefde te versprei, maak nie saak hoe moeilik die pad is nie.

*Op die foto: Tanya Botha, Alet Petzer en Keith Petzer met pretstap-bywooners agter op die wa.*









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

## November is adoption month

World Adoption Day is celebrated on 9 November, every year.

We at Engo Adoptions would like to celebrate adoption in November. We salute every person that is involved in adoption; those who were adopted, adoptive parents or those interested in adoption.

**MORE ABOUT ENGO ADOPTIONS**

Engo Adoptions is an organization that is registered to do adoptions in the Free State Province. We are registered and accredited according to the Children's Act.

We believe that every child deserve a family.

**WHAT IS ADOPTION?**

It is a forever home…

Adoptable children need a safe, healthy and stable home where they can be nurtured and cared for by parents who can provide a loving home with supportive relationships that will last a lifetime.

**Who may adopt?**

The Children's Act provides examples of who may adopt;

- Single persons (widow, widower, unmarried, divorced)
- Those in long-term relationships e.g. life partners, married couples
- Older than 18 years
- South African citizens
- Persons who are fit, proper and willing to be entrusted with rights and responsibilities towards a child
- Persons who were assessed by an adoption social worker to comply with the requirements

Services to the prospective adoptive parents

- A screening process that includes an information session, office interviews, home visits and contact with references. Our prospective adoptive parents should not be younger than 18 years and older than 50 years.
- Preparation session to empower prospective adoptive parents on issues regarding adoption e.g. how to tell a child he is adopted
- Emotional support
- Legal process
- Aftercare services
- Origin enquires

Services to the biological parents

- Counselling sessions
- Discussions and follow-up sessions
- Emotional Support
- Legal process
- Origin enquires after 18 years

*For more information contact Magda de Beer, Engo Adoptions 051 522 6914/079 057 4597, magda@engo.co.za*

Engo
Child & Youth Care • Kinder-& Jeugsorg

**DIFFERENCE BETWEEN ADOPTION AND FOSTER CARE**

| Adoption | Foster care |
|---|---|
| **Become the child** of adoptive parents- have all the rights and responsibilities. | Not the child of foster parents- have all the responsibilities but not the rights. |
| Get a new birth certificate, **name and surname change** to fit with the adoptive family. | Name and surname stay the same as registered by biological parents. |
| **No involvement** of biological parents (closed) | Biological parents may still be part of a child's life |
| **No financial assistance** from the government | Receive a foster care grant. |
| **Social workers withdraw** once the adoption is finalized and after-care services are rendered for at least 6 months. | Social workers are always involved in rendering supervision services. |

# Heilbron and Tweeling runners make their mark at the 2024 Soweto Marathon



The bustling streets of Soweto were filled with energy and determination on Sunday, 3 November 2024, as runners from across South Africa gathered to participate in the annual Soweto Marathon. Known as The People's Race, the event attracted athletes of all levels, including a spirited group from Heilbron and Tweeling who proudly carried the hopes of their communities across the finish line. Representing Heilbron were four dedicated runners: Tselane Hlahane, Tsholofelo Phakoe, Lepakola Thapeli, and Mzwandile Bocibo. Joining them was Mr. Moloi from Tweeling, whose participation added to the team's sense of unity and purpose. The group was further bolstered by members of a running team from Benoni, creating a network of support that proved invaluable on the demanding course.

All participants competed in the 21km and 42km categories, each distance testing their stamina, mental strength, and months of preparation. The Soweto Marathon is known for its tough inclines, especially in the latter stages, and its scenic route through Soweto's historical and cultural landmarks.

# UIT DIE PEN: Week 49



Haar naam is Marguerite. Ek het geen idee waar sy nou woon nie. Sy was my buurvrou in ons Oos-Vrystaatse dorpie. Sy was 'n mooi, jong vrou met 'n dik bos bruin hare. Sy het dit gehaat om in die braaivleisrook te sit, want dan ruik haar hare presies so.

Sy en haar man het 'n seuntjie gehad wat ek sommer "Ou Bul" genoem het. Hy was seker so jaar oud toe ek met hom kennis gemaak het. Die oulikste mannetjie met waggelbene. Marguerite het pragtig gesing. Ons het een mooi dag saam musiek gemaak: ek het haar begelei en sy het doerie tyd se liedjies vir die Silwerjariges gesing.

Ek het, lank nadat hulle getrek het, eendag by my skoonsus gehoor van hierdie engelstem. "Kyk hier!" het my skoonsus gesê en vir my die video gewys. Ek kon dit nie glo nie, na al die jare was dit Marguerite! Sy was nog net so mooi en het steeds soos 'n nagtegaal gesing.

Terug op ons Oos-Vrystaatse dorpie het ek en Marguerite op 'n mooi dag begin gesels oor ons geliefdes wat dood is. Soos my gryse ou pa gesê het: Die laning waarin die Here kom kap het. Teen daardie tyd was my familie nog voltallig.

"Die Here was vir my baie goed. Daar is nog niemand naby aan my dood nie."

Ek dink nie ek het daardie tyd op haar stelling kommentaar gelewer nie. Dit het my egter bly pla. Is die Here regtig goed vir jou indien niemand naby aan jou dood is nie?

Daar was 'n dag, 21 jaar gelede, toe daar vier kinders op een slag dood is. Hulle was op pad vanaf ons dorp na die naburige dorp om te gaan fliek. Hulle was op pad uit die dorp toe die vier vriende besluit het om om te draai om nog twee vriende te gaan haal.

Die ses van hulle was in 'n kleinerige karretjie, en so twintig kilometer buite ons dorp, ry 'n groot lorrie bo-oor die kar. Die vier wat oorspronklik op pad was fliek toe, is dood. Die twee wat met terugdraai opgelaai is, het oorleef.

Daardie aand sê iemand: "Die duiwel is 'n vark! Hy kom steel vier mense se lewens."

Hy was sommer baie kwaad.

Sy pa het hom sag geantwoord.

"Hoe anders gaan die Here vier kinders op een slag kom haal?"

Net soos Marguerite se opmerking, het bogenoemde by my gebly.

Ons ken die analogie oor die dood: dis asof ons almal op 'n stasieperron staan en wag vir die trein. Nie een van ons weet wanneer ons op die trein gaan klim nie, maar klim gaan ons klim. Of ons een-een gaan opklim of in 'n groep van vier weet ons ook nie. Ons weet dat almal by die bestemming wil uitkom, maar nie almal wil treinry nie. Ons Oos-Vrystaatse predikant het altyd gesê dat almal hemel toe wil gaan, maar niemand wil doodgaan nie.

Nou hoe anders sal ons eendag daar kom, wonder ek?

Dit hang natuurlik alles af van jou konsep van die dood en die hiernamaals. Ek weet nie wat jy glo nie, maar ek glo daar is 'n Openbaring 4-hemel wat op ons wag. Jy hoef dit nie te glo nie, en die doel van hierdie skrywe is ook glad nie om jou te oortuig nie. Ek weet net dat dit lekker gaan wees.

Openbaring 4 is een van my gunsteling hoofstukke in die Bybel. Die hoofstuk is voor in my Bybel geskryf vir ingeval iemand iets soek om eendag by my begrafnis te lees.

Is vandag se onderwerp effens donker? Ek is jammer as jy so dink. Ek dink ons praat te min oor die dood. Dis so asof ons wegskram van een van die twee dinge waarvan jy seker gaan wees. Die ander een is mos belasting, en ons weet altwee dat jy daardie ene glad nie kan *sidestep* nie.

Dalk moet ons anders begin dink oor die dood. Is jy regtig "gelukkig" indien niemand in jou naby familie dood is nie? Is jy dalk ongelukkig omdat iemand wel dood is? Vir mense wat net aardgebonde is, sal dit dalk so wees. Maar wat net so belangrik is, is dat ons moet seker maak dat daardie familielede weet wat vir hulle wag nadat hulle die laaste asem uitgeblaas het.

Dis nie so maklik nie, want die wêreld waarin ons leef het sò, wel, wêrelds geword. Daar is mense wat skreeu dat die Christelike Godsdiens nie aanvaarbaar is nie, omdat sekere aksies en dade verbied word. "Waar is die menslikheid hiervan?" het iemand my al gevra. Menslikheid is nie 'n geloof nie. Dit is 'n konsep.

Nietemin. Ek wonder vandag oor twee dinge: hoe dit met Marguerite en haar gesin gaan en of sy nog sing? Ek wonder ook of dit regtig so 'n "geluk" is indien jy nog al jou geliefdes naby jou het.

Ons kan lank oor laasgenoemde redekawel. Ons gaan een keer per jaar na 'n spesialis toe. Hy het 'n bosveldplasie. Eendag sê hy dat hy hoop dat hy in sy laaste oomblikke 'n sonsondergang in die bosveld sal kan sien.

Maar hoekom, vra ek?

Want dit is die mooiste gesig.

Ek vra hom of hy 'n gelowige is. Ja, hy is. "Het jy al gedink," vra ek, "dat jy mooier goed in die hemel gaan sien?"

Hy was vir lank stil, totdat hy erken dat dit moontlik so kan wees.

Ek is seker daarvan.

# Huis- en Tuinbou afsluiting



Die Huis en Tuinbou-klub het hul jaarlikse afsluiting op 'n stylvolle manier gevier... by De Vry Distillery, waar die bekende Kokkedoorwenner, Pasch du Plooy, die ster van die dag was. Pasch het die dames bederf met 'n demonstrasie van 'n unieke biltong-en-kersieslaai, sowel as 'n vrugte-in-seisoen-nagereg. Sy kulinêre talent en kreatiwiteit het almal beïndruk, en hy was ook baie behulpsaam deur vrae te beantwoord en waardevolle wenke uit te deel.

Die dames het die afsluiting terdeë geniet en die gesellige atmosfeer was aansteeklik. Die kombinasie van Pasch se passie vir kos en die vriendelike gees van die Huis en Tuinbou-klub het die geleentheid onvergeetlik gemaak.

Met groot opgewondenheid sien die klub uit na volgende jaar se aktiwiteite en nooi hulle graag alle dames uit om by hul tuinbou-oggende aan te sluit. Dit is 'n geleentheid om idees uit te ruil, lekker saam te kuier, en waardevolle wenke oor huis- en tuinbou te kry.

Die Huis en Tuinbou-klub deel met graagte hul passie en kennis en wil van die geleentheid gebruik maak om elkeen 'n geseënde en vreugdevolle Kersfees toe te wens.



*Pasch du Plooy*










## Skep die perfekte Kersfees tafel met Jukova's Decor

Met Kersfees om die draai, het Judike Broodryk van Jukova's Decor ons geïnspireer met 'n elegante en eenvoudige idee om jou feesviering spesiaal te maak. Haar raad? Gaan vir 'n tydlose kleurpalet van groen, goud en wit – dit is tradisioneel, stylvol en pas perfek by die gees van Kersfees.

'n Wit tafelloper dien as 'n sagte basis, terwyl goue kandelare en eetgerei 'n tikkie luuksheid toevoeg. Groen borde voeg 'n bietjie kleur en wit servette bring 'n skoon en klassieke afwerking. As jy jou tafel verder wil beklemtoon, voeg klein goue detail-elemente by, soos kerse of kransies. 'n Paar vars groen takkies of 'n klein kransie of drie in die middel van die tafel gee 'n natuurlike, feestelike gevoel.

Hierdie styl is maklik om uit te voer, en jy kan kreatief raak met items wat jy reeds in jou huis het. Dit wys hoe eenvoud met 'n bietjie kreatiwiteit omskep kan word in iets werklik magies.

Dus, waarom wag? Laat Judike se inspirasie jou help om hierdie Kersfees 'n fees vir die oog én die hart te maak!












# Kersvreugde by Bronnies Dagsorg se jaarlikse afsluiting



Bronnies Dagsorg het onlangs hul jaarlikse kersafsluiting gehou, en dit was 'n dag vol opwinding en vreugde. Kersvader self het 'n spesiale draai van die Noordpool af kom maak om die klein pienk voete met geskenkies te verras. Die kinders se oë het gestraal van blydskap toe hulle hul geskenke ontvang, en hulle opgewondenheid was aansteeklik. Annemarie Hayward, wie se liefde en sorg vir die kinders altyd duidelik blyk, het weer eens gesorg dat hierdie tradisie 'n spesiale dag op die kalender is. Annemarie en haar span se werk en toewyding het verseker dat elke kind met 'n glimlag huis toe is. Hierdie kersafsluiting het nie net die kinders se harte warm gemaak nie, maar ook dié van die personeel en ouers. Dit is sulke kosbare oomblikke wat herinneringe bou en gemeenskapsgees versterk. Bronnies Dagsorg, met sy liefdevolle benadering, het weer bewys hoekom hulle 'n belangrike deel van die gemeenskap is.





# Nostalgiese kindertydse kos-herinneringe by huppel trippel

Die laaaang pad na gister se kos-herinneringe was HT se tema vir 2024 se tweede laaste saamkuier. Hierdie kos was ekstra lekker omdat dit met liefde gemaak was. Daar is vertel van die heel lekkerste koekstruif (trifle) wat 'n ma gemaak het en groenboontjies met 'n stukkie skaaplies of -stertjie daarin. Van vetkoek tot slap mieliepap met kaiings en doekpoeding met 'n tiekie in. Ook van skaap-afval met stampmielies en skaapkop en harsings op 'n roosterbroodjie. Die lys gaan aan.... Met almal behoorlik honger gepraat, is die lede bederf met vars perskes wat vanoggend nog aan die boom gehang het tot lekker koekies saam met die tee/koffie. Daar is ook afskeid geneem van Rita Groenewald - 'n jarelange lid wat gaan trou en dus verhuis. Die laaste saamkuier vind plaas op 10 Desember wanneer ds Braam van Zyl 'n kort boodskap sal bring; en dit dan ons Carols by Candlelight-geleentheid is.



*Op die foto vl Rita Groenewald en Giel Fourie.*



# Sharpeville se spoedboulers trotseer Heilbron op krieketveld

In 'n opwindende krieketwedstryd het Sharpeville se spoedboulers, Heilbron onder groot druk geplaas en die span met 4 paaltjies laat struikel. Die uitstaande vertoning van Sharpeville se hoofbouler, wat met 'n indrukwekkende spoed van 130 km/h geboul het, het vier van Heilbron se beste kolwers vroeg terug na die pawiljoen gestuur en die span se kanse gekelder. Heilbron het egter hul eie sterre gehad, met Russel Loft wat 'n skitterende 57 lopies van slegs 24 balle aangeteken het om Heilbron tot 'n mededingende totaal van 158 lopies te lei. Loft se vinnige kolfwerk het die gehoor op die punte van hul stoele gehad en sy prestasie het hom die welverdiende titel van Speler van die Wedstryd besorg. Hy het ook 'n paaltjie met sy boulwerk ingepalm. Sharpeville was egter nie sonder uitdagings nie. Danie Rietchard, van Heilbron het sy staal gewys deur uitstekende boulwerk drie van Sharpeville se kolwers skoon te boul, wat vir spanning op die veld gesorg het. Die wedstryd was 'n opbouende een tot die T35-reeks, wat op 11 Januarie 2025 afskop. Heilbron sal in die Lions-liga oor nege wedstryde kompeteer, en die span hoop om voort te bou op hul momentum.



*Op die foto Russel Loft*

# Failing security at Ngwathe Municipal Workshop lets thieves access equipment and supplies

**• Joseph Mbele - DA Councillor Ngwathe Municipality**

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe has called for an urgent review of security measures at the municipal workshop in Phiritona township following alarming findings during an oversight visit on Tuesday, 19 November. DA Councillors Joseph Mbele and Robert Ferendale identified serious lapses in security, leaving municipal assets vulnerable to theft and vandalism.

During the visit, the councillors observed:

An open entrance gate with the security guard seated in the guard room, allowing unrestricted access to the premises.

A missing fence, either stolen or vandalised, leaving the property entirely exposed.

Approximately 30 cattle roaming the yard, with the security unable to identify their owner.

Broken windowpanes and the absence of security lights at night, further compromising safety.

This visit follows an attempted burglary on 12 November, during which a criminal was injured while trying to steal tractor parts. A theft case has been opened with SAPS. According to a municipal worker, tools and equipment are "regularly stolen" from the workshop due to the easy access.

The DA has written to Municipal Manager Dr Futhile Mothamaha, demanding immediate action to address these security failures. Specifically, we have called for the repair of the fence, trimming of overgrown trees, and installation of functional lighting to secure the premises effectively.

The lack of security is costing the municipality substantial amounts of money, which could be redirected to essential service delivery. This negligence cannot continue. The DA will monitor the municipality's response to ensure these vital improvements are made without delay.





# KENNISGEWINGS

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED


Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T 756/2007** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **BETTIE LETSEGA Identity number: 4305310321087** in respect of certain ERF 319 PHIRITONA, DISTRICT HEIBRON PROVINCE FREE STATE. INEXTENT:510 (FIVE HUNDERD AND TEN) SQUARE METERS.
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 8 day of November 2024.
**APPLICANT**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktes@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION (AUCTION / VEILING)

In the Magistrate's Court for the District of Fezile Dabi held at Heilbron.
**Case No. 341/2022**
**In the matter between:**
**HEILBRON BESKERMINGSDIENSTE NPS**
***Execution Creditor***
And
**RENÉ MYBURGH**
***Execution Debtor***
1. Kindly take notice that a Sale in Execution of the under-mentioned goods will be held.
The particulars of the sale/auction are as follows:
1.1 Date: 02/12/ 2024
1.2 Time: 13:15
1.3 Place: Commando Offices, Heilbron, 9650
2. In terms of Regulation 20(3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys.
3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20(2)(b) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, and access to the Regulations can be obtained at (URL.http:www.info.gov.za/view/DownloadFileAction? ID=99961).
4. Prospective buyers are required to register before the commencement of the auction.
5. FICA – legislation in respect of proof of identity and address particulars.
6. A registration fee is payable before the commencement of the auction.
7. The office of Jansen Prokureurs of Heilbron will conduct the sale with auctioneer Mr. JH Jansen.
8. Method of payment: Cash, bank guarantee, cheque, or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.
9. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.
**Description of goods or property:**
1. LIVING ROOM COUCHES,
2. KITCHEN CABINETS,
3. TV CABINET,
4. STEEL CABINETS,
5. DESK,
6. CHAIRS,
7. PAINTINGS,
8. MIRRORS,
9. SILVER KETTLE,
10. MICROWAVE OVEN,
11. DOUBLE BED,
12. SMALL TRAMPOLINE,
13. COMPUTER SCREENS,
14. VACUUM CLEANER
15. CANOPY AND MUCH MORE
Dated at Heilbron on 22 November 2024.
**JH JANSEN**
**EXECUTION CREDITOR'S ATTORNEY**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON**
**TEL NO. 058 852 2816**
**E-MAIL : elzette@jansenprokureurs.co.za**
**REF: HEI10/0002/JHJ/ES**

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




## FOTOSTATE

| Swart / Black | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za







Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald
Kontak gerus vir Hendie Lötter by
071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

## DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com




**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




# SMALLS

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



HERALD *Sport*




# Arnold wen 2024 putjiespel kroon



Arnold Saayman het met bestendige spel Jackie Leonard geklop in die finaal van Heilbron gholfklub se putjiespel kampioenskappe vir 2024. Na nege putjies was hulle gelyk maar Arrie se gholf ritme was op 'n hoogtepunt en beklink hy die wedstryd op putjie nommer 16 om gemaklik te wen met 3 putjies oor.

Verlede Saterdag se Prestige dag het weer tot sy reg gekom en dertig spelers het aan die dag deelgeneem. Die nuwe voorkoms by die klub maak lede positief en lus om te speel. Die komitee het veral baie moeite gedoen met die tuin en ook parkering vir golfkarretjies by die klubhuis.

Johan Nelson wen die dag met 42 punte. Hy speel net in die somer gholf en dié was die eerste terugkeer na die winter hibernasie. Die vermoede bestaan dat Johan skelm by die huis oefen. Tweede was nog 'n Johan, maar net Weilbach met 39 punte gevolg deur Arnold Saayman met 38 punte.

*Op die foto bo Arnold Saayman ontvang die putjiespel trofee van die president Willem Loots.*

**WINKELURE**
MAANDAE TOT DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za













